# Halfhartige ekonomiese groei

## Plaaslike ekonomiese nuus: September 2010

**Deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life**

Die vooruitsig vir die Suid-Afrikaanse ekonomie vir 2010 bly redelik gedemp, vergeleke met die opbloei-jare toe die jaarlikse groeikoers in die omgewing van 5% was.

Statistiek SA het sy tweede kwartaal (K2)-syfers vir die BBP (bruto binnelandse produk) gepubliseer, wat 'n besliste afplatting in ekonomiese groei aandui van die 4.6% groeikoers wat in die eerste kwartaal behaal is, tot 3.2% in die tweede kwartaal van 2010.

### Ekonomiese verslapping

In die landbousektor, sowel as die handels- en vervoersektore, is indrukwekkende groeikoerse aangeteken. Die landbousektor het baat gevind by 'n buitengewoon groot mielie-oes in die tweede kwartaal. Soos verwag is die handles - en vervoersektore positief beïnvloed deur toerisme wat met die sokker-wêreldbekergeleentheid geassosieer is. Verder het plaaslike verbruikersbesteding ook gedurende die Wêreldbekertoernooi toegeneem en het veral sport- en toebehore-handelaars goed sake gedoen. Mynproduksie was die grootste deel van verlede jaar sukkelend, 'n neiging wat steeds voortduur met 'n kwartaallikse groei wat afgeneem het tot net onder 21% vir die tweede kwartaal. Mynverkope het egter voordeel getrek uit hoër kommoditeitspryse.

Vervaardigingsproduksie vir Junie was verbasend sterk en het hoër gestyg as wat allerweë deur ontleders verwag is – in ag genome die val in die aankoopbestuurdersindeks van Kagiso, wat 'n leidende aanwyser van vervaardigingsaktiwiteit is. Die afwaartse neiging is 'n aanduiding dat die herstel in vervaardiging vorentoe steeds die wind van voor kan kry. Gedurende kwartaal twee het groei afgeneem tot 6.9% vergeleke met 8.4% in die eerste kwartaal. In hierdie sektor is groei in die wiele gery deur die gedempte binnelandse vraag en die wankelrige herstel wêreldwyd, wat 'n uitwerking op ons vervaardigde uitvoere het. Daarbenewens is vervaardigde invoere vanweë die voortgesette sterkte van die rand goedkoper en moeiliker om mee te kompeteer, terwyl dit ons uitvoere terselfdertyd minder kompeterend maak.

### Verbruikersbesteding steeds swak

Die herstel in verbruikersbesteding sal traag bly vanweë die beperkings in beskikbare inkomste. Hoewel verdienstes in lyn met die hoër loonooreenkomste aan die toeneem is, word slegs werkendes positief

daardeur geraak. Gedurende die eerste helfte van hierdie jaar was daar nie minder nie as 200 000 werkverliese in die formele sektor.

Boonop is verbruikers se vraag na krediet steeds baie swak, met ‘n styging van net minder as 1% in die algehele vraag na krediet in Junie. Dit is enersyds te wyte aan die aptytloosheid van skuldbelaaide verbruikers wat sukkel om bestaande skuld af te betaal, en andersyds aan die beperkende uitleenvoorwaardes van banke. Op net meer as 78% is die vlak van huishoudelike skuld in verhouding tot besteebare inkomste steeds op ’n rekordhoogte. Verbruikers sal nie die vertroue hê om meer te leen voordat skuldvlakke nie hanteerbaar is nie. Dit beteken dat die vraag na duur items wat deur krediet gefinansier word, laag sal bly. Motorverkope blyk die uitsondering te wees, met ‘n aansienlike groei wat selfs na die Wêreldbeker voortgeduur het.

## Wêreldbeker gee kleinhandel ‘n hupstoot

Kleinhandelverkoopsyfers het toegeneem van 4.6% in Mei tot 7.4% in Junie, vergeleke met dieselfde tydperk in 2009. Dit is die hoogste groeikoers nog sedert Junie 2007. Die algehele vraag na kleinhandelgoedere is in Junie deur Wêreldbeker-verwante verkope opgestoot, terwyl effens hoër inkomstes en lae rentekoerse die binnelandse aanvraag ondersteun het.

Volgens Statistiek SA is aansienlike stygings aangeteken vir die kleinhandel in huishoudelike meubels, toebehore en toerusting, gevolg deur die kleinhandel in tekstiele, kleding, skoeisel en leergoedere, mediese goedere, skoonheidsmiddels en toiletware. Dit is in ooreenstemming met Wêreldbeker-verwante besteding, waar plaaslike verbruikers wat nie die wedstryde kon bywoon nie, op groot skaal televisiestelle aangekoop het, terwyl sowel toeriste as plaaslike verbruikers geld bestee het op items soos sokkerhemde en ander sportware. Namate die Wêreldbeker-koors egter afneem en verbruikers weer minder bestee, sal die groei in kleinhandelverkope na verwagting in die tweede helfte van die jaar daal.

## Inflasie vir eers onder beheer

Die VPI-inflasiekoers het voortgegaan om te daal, van 4.2% in Junie tot ‘n verbasende 3.7% in Julie. Van belang vir verbruikers is die feit dat die daling in inflasie deels toegeskryf kan word aan ‘n laer styging as wat verwag is, in elektrisiteitspryse, asook ‘n voortgesette daling in voedselpryse. Die verbod op Russiese uitvoere van graan as gevolg van die verwoestende brande in daardie land kan egter druk plaas op die wêreldwye prys van graan en brood. Die uitwerking sal hopelik versag word deur die aansienlike graanvoorrade wat oorgebly het van verlede jaar se goeie oeste. Die laer as verwagte inflasiekoers beteken dat geteikende inflasie baie na aan die teikenband van 3% tot 6% is. Dit bied aan die Reserwebank ‘n gulde geleentheid om rentekoerse verder te verlaag en om die ekonomie van ‘n uiters noodsaaklike stimulus te voorsien sonder die kwelling dat inflasie binne die afsienbare toekoms uit die teikengebied sal beweeg. Die Bank het in elk geval ruimte gelaat vir ‘n verdere rentekoersverlaging deur te verklaar hy sal voortgaan om

ekonomiese ontwikkelinge fyn dop te hou. En soos hierbo genoem, was die ekonomiese groei vir die tweede kwartaal laer as die markkonsensus.

Die vernaamste bron van kommer is steeds die geadministreerde pryse van verbruiksitems soos water en enelektrisiteit, wat teen veel hoër koerse as die boonste teikenband van 6% styg. Hierdie stygings en die huidige loonooreenkomste sal tot in 2011 opwaartse druk op inflasie plaas.

*“Die Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer in terme van die FAID-wet (Lisensie no. 2409). Die inligting wat in hierdie kommunikasie vervat is, insluitend die aanhangsels, moet nie as advies beskou word nie, in terme van die Finansiële Advies- en Intermediêre Dienstewet van 2002 (“FAID”), aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty is, nòg ‘n gelisensieerde finansiële diensteverskaffer soos in die FAID uiteengesit. Raadpleeg asseblief jou finansiële adviseur indien jy advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”*